

Gereformeerde Kerk Trinitas
Oggenddiens 2017-04-09
Esegiël 34:11-31
V. 31

Die ware Herder roep Sy skape op om werklik te bekeer.

Inleiding

Ons het laasweek geluister hoe Jesus vir Sy dissipels en die Skrifgeleerdes verduidelik dat Hy die Goeie Herder is. Ons het veral gefokus op die wyse wat ons God se stem hoor, maar ook hoe baie herders, of eerder huurders, die kudde van die Here verwaarloos het.

Esegiël 34 skakel baie sterk met hierdie gedeelte. Die eerste 10 verse spreek God Homself baie sterk uit oor die optrede van die herders wat die volk verwaarloos het.

Die gedeelte waarby ons egter stilstaan vanoggend spreek nog 'n gedeelte aan. Die gedeelte wat ons saam gelees het fokus nie op die herders, huurlinge of selfs die Goeie Herder nie, maar die skape.

Eseg. 34 is gerig op die skape van die Here. Die kudde word hier opgeroep.

Ons hoor vanoggend uit die Woord van die Here hoe Hy ons, Sy skape, oproep om werklik te bekeer.

Ons gaan fokus op drie elemente:

- God is die ware Herder
- Hy sal oordeel oor Sy skape
- Bekeer!

God is die ware Herder

Ons het laasweek gehoor dat Jesus die Goeie Herder is omdat Hy werklik Sy skape ken. In Eseg. 34 waar God aan die woord is, sê Hy telkens dat Hy die vir Sy skape sal sorg, dat Hy vir hulle omsien en dat Hy hulle ken – Hy sal hulle soek en na hulle omsien.

Geliefdes dit is voor die hand liggend dat die Herder van Eseg. 34 en die Goeie Herder van Johannes 10 dieselfde Persoon is. Dit verklaar vir ons groot elemente van Eseg. 34.

Esegiël is gebore in 'n priesterlike familie. Hy het dus as seun gedink dat hy sal groot word en dan in die tempel diens gaan doen soos wat die gebruik was vir mans in sy familie. Dit is egter nie die pad wat God vir hom bestem het nie. Esegiël se bediening oorvleuel met die tweede gedeelte van Jeremia se bediening. Die ballingskap is dus om die draai – die vyand kom al hoe nader.

Esegiël word weggevoer na Babel toe en daar is sy bediening as priester iets van di verlede want daar is geen tempel in Babel nie. Die tempel was vir die volk 'n baken van hoop – die tempel het God se teenwoordigheid by Sy volk bewys. Nou dat die volk weggevoer is en die tempel vernietig is, kan God mos nie tussen hulle wees nie.

Binne hierdie vreemde land roep God vir Esegiël om in Sy diens te staan, nie as priester nie, maar as profeet. Esegiël staan in die vreemde land en roep terug na Jerusalem – bekeer julle, God se oordeel is naby. Esegiël maak gebruik van die beeld van 'n herder en sy skape – weereens 'n eenvoudige beeld wat anklank vind by sy gehoor. Esegiël maak dit egter baie duidelik wie die rol van watter karakter speel in die beeld.

God is die Herder. Hy soek Sy skape en Hy sorg vir hulle. Tog is die skape nie gehoorsaam nie. Die volk volhard in hulle sondes – hulle doen afgodery en hulle sorg nie vir die weduwees en weeskinder nie.

God maak dit hier duidelik dat die skap nie net deur die herders versorg word nie, maar dat elke skaap ook rekenskap moet gee van sy eie dade. Die skape kan nie kwytgeskel word vir hulle liefdelose optrede nie.

God noem egter 'n lys van werke wat Hy sal doen vir Sy skape.

- Hy sal soek

Geliefdes, dit beteken nie dat God nie weet waar jy is nie. Hy sien alles. Hy is by jou in jou moeilike omstandighede, maar Hy vat jou hand en help jou op.

Die gedagte beteken nie dat God net wil weet waar jy is nie. Nee, Hy kom soek met die doel om te vind en te herstel.

- Ek sal soek die wat weggeraak het

- Die terugbring wat weggedwaal het
- Die wonde versorg van die wat seergekry het
- Die swakkes help

God wil dus herstel bring aan die kudde. Daarom sal Hy ook 'n vaste herder aanstel. In vers 23 sê God dat Hy vir Dawid gaan aanstel om te regeer oor die skape. Geliefdes tog tree Esegïel op lank na die dood van Dawid. Tog lig Matteus 1:1 vir ons uit: *“Die geslagsregister van Jesus Christus, die Seun van Dawid.”*

Hier in Eseg. Ontvang ons reeds die troos dat die Goeie Herder sal kom om te regeer oor Sy skape.

Geliefdes Esegïel tree op om te troos, maar ook om perspektief te gee aan die volk. Elkeen is verantwoordelik vir sy eie doen en late.

Die rol van die Herder is nie net om te sorg en vyande weg te hou nie.

Die Herder kom ook om te oordeel.

Die Herder sal oordeel oor Sy skape

Die naam wat gebruik word vir God in hierdie hoofstuk is die naam wat klem plaas op die koningskap en volkome heerskappy van God. En juis as gevolg van God se volkome koningskap is Hy waardig om te kan oordeel en daarom sal Hy ook oordeel.

Die woord wat gebruik word vir oordeel in hierdie gedeelte beteken om te oordeel met die gesag om te kan straf waar onreg plaasgevind het. Omdat God koning is, kan Hy en sal Hy oordeel oor die regverdige en onregverdige.

Hierdie gesag om te kan te kan oordeel, te kan vonnis en te kan straf kom net 'n regverdige heerser toe. Tog word hierdie word ook gebruik as die wyse waarop iemand met die bewysstukke gekonfronteer word.

Met ander woorde God wys vir ons, Sy skape, die bewysstukke. Hy wys vir ons ons verlorenheid en sondige natuur. Hy wys vir ons die wyse wat ons ons naaste te nakom. Hy wys vir ons op watter wyse ons tekort skiet en hoe ons skuldig staan onder die oordeel van God. Soos wat die skape in die tyd van Esegïel geoordeel word en die volk weggestuur is na Babel toe omdat hulle die

verbond met God verbreek het, word ons ook vanoggend voor die regterstoel van God gedaag. Die Herder wil na Sy skape kyk en die wyse wat ons teenoor mekaar optree.

Sorg ons vir die swak skape?

Help ons die skape wat nood het?

Of oorvreet ons onself aan die groen weivelde wat God vir ons gegee het?

Geliefdes ons gaan onself moet verantwoord voor die Groot Herder se regterstoel. Hy oordeel ook oor ons. Matt. 25:32 leer ons ook duidelik dat daar sal geoordeel word – *“Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos ‘n wagter die skape van die bokke skei.”*

Bekeer!

Geliefdes ons hoef nie die oordeel van God te vrees as ons die stem van die Herder ken nie. Draai terug na die Here toe. Bekeer! Moeie soos die volk Israel vaskyk in die vreemde en die politieke onstuimigheid en onsekerheid van die toekoms nie.

Sorg vir jou medeskape. Kweek eenheid onder die kudde sodat ons saam as die kudde van die Goeie Herder werklik kan groei. Help mekaar om staande te bly teen die aanslae van die vyande van die skape.

God sal ons bewaar en ons beskerm. Hy kom soek die skaap wat weggeraak het, maar dit beteken nie ons sit net terug nie. Ons moet self ook uit die gemaksones van die kraal gaan en die skape gaan soek wat die Herder nog nie ken nie.

Doen wat God van jou vra. Die Heilige Gees staan ons by sodat ons werklik kan terugdraai na die Here toe en Hom voortdurend al meer kan soek.

Geliefdes die skape van die Here hoef nie Sy oordeel te vrees nie. Die oordeel het Christus reeds toegekom. Ons het reeds gehoor dat die woord oordeel beteken dat die Een met die gesag, kan oordeel en straf. Dit beteken egter ook dat die een met die gesag kan ook intree om die straf te dra, en dit is wat Christus vir ons gedoen het.

Die Goeie Herder het vir ons die offerlam geword sodat die oordeel nie die kinders van God meer toekom nie. Tog word ons voortdurend opgeroep om te bekeer. Draai terug na die Here toe.

Slot

Die Goeie Herder is ook die volmaakte offerlam. Daarom hoef die skape van die Here nie die oordeel te vrees nie. Tog beteken dit nie dat ons kan terugsit en bloot die ander skape vertrap nie. Sorg vir mekaar en bou mekaar op.

Die dag van oordeel is nie 'n dag wat vrees in ons bewerk nie, maar troos bring vir ons, die skape van die Goeie Herder.